HUIS

Dirkie Smit

NAGEDINK OOR DIE LEES VAN DIE BYBEL VANDAG DEEL 5

Lees: Matt 5:1-9, 43-48; 6:5, 9-13, 31-33; 7:24-29

1

> Hoe verstaan ons Gods Woord, vandag? As ons die púnt wat die Bybel maak, verstaan. En dit is **Jesus Christus**.

Hoe lees ons die Bybel, vandag? Hoe verstaan ons Gods Woord, vandag? As ons die bóódskap van die Bybel hoor, die inhoud, saak, die skopus – sê die kerk – die bedoeling, strekking, die púnt wat die Bybel maak, verstaan. En dit is Jesus Christus. Ou en Nuwe Testament tesame getuig van Hóm, wys heen na Hom, verkondig Hom. Hy het sélf gesê ons verstaan die Skrifte as ons hulle van Hom hoor getuig. Die verhaal van Jesus Christus, wie Hy was en is, gedoen het en steeds doen, dís die boodskap van hierdie Skrifte.

Maar daarom is dit ook die verhaal van God, die lewende Drie-Enige, wat as Vader, Seun en Gees, as Skepper, Verlosser en Trooster besig was en is met die werk van sy hande, in vrye liefde en in genadige trou. Dis die verhaal van die skepping, ja, die ganse, komplekse kosmos, maar óók van die nuwe skepping. Dis die verhaal van die volle werklikheid, tot by die nuwe hemel en aarde waarop geregtigheid sal woon. Dis die blye boodskap van Gods koninkryk, wat reeds gekom hét en in volheid kóm.

Dis die verhaal, getuienis, ja, verkondiging van Gods beloftes, Gods uitnodiging om ons te verbly oor dié wonderbare nuus, dié evangelie – want *euanggelion* is letterlik blye boodskap. Ons hóór Gods Woord, ons verstáán die Bybelse boodskap vandág nog, as ons hierdie evangelie, hierdie beloftes, hierdie toesegginge hoor – én die nuwe lewensmoontlikhede wat daarin aan ons geskenk is herken en ons daaroor verheug.

2

> Daarom hoor ons die Woord van God, verstaan ons die Bybelse boodskap vandag nog presies soos in die dae van Jesus se eie hoorders. Dit het nog nie verander nie.

Daarom hoor ons die Woord van God, verstaan ons die Bybelse boodskap vandag nog presies soos in die dae van Jesus se eie hoorders. Dit het nog nie verander nie. Ons sien dit in sy eie prediking, soos die bergrede of gelykenisse, waarin die hart van sy eie verkondiging klop.

Ook die *bergrede* verkondig hierdie koninkryk van God, hierdie ander werklikheid. Dit nooi hoorders en lesers om met hierdie – onsienlike – werklikheid, met Gods nabyheid, Gods beloftes, krag en wil te reken. Om daarop te vertrou eerder as op wat hulle dalk rondom hulle sien. Om só te begin dink en droom en leef, eerder as soos almal rondom. Die bergrede verkondig Gods koninkryk en nooi ons om daarmee te reken. Dit noem – byvoorbeeld – diegene salig, geseënd, gelukkig wat volgens gewone wêreldse maatstawwe agter in die tou staan. Dit sê – byvoorbeeld – dat mense en hul tradisies graag sê dít is reg en dát is verkeerd, maar dat die koninkryk se reëls en waardes ánders is, dieper, vreemd in vergelyking. Dit sê – byvoorbeeld – ons moenie so besorg wees, ons so moeg maak oor allerlei nie, maar eerder 'n skat najaag wat groter is as kos en klere, sukses en roem. Ja, die bergrede laat ons Gods ryk sien en nooi ons om te leef in dié vreemde, wonderbare werklikheid en volgens sý grondreëls. Ons verstaan dié woorde as ons vandag nog dié beloftes hoor asof aan óns adres gerig.

Of dink aan die *gelykenisse*. Die jongman wil weet wie onder sy naaste tel, waar hy die streep kan trek, vir wie om te sorg, maar veral vir wie hy dus nié hoef om te gee nie, wie hy kan uitsluit as nié naastes nie? Dan vertel Jesus van Gods koninkryk, deur die verhaal van die barmhartige Samaritaan, wat eindig: Gaan dan en doen jy net so. Waarmee Jesus sy vraag omdraai! Moenie vra wie is mý naaste nie, maar vra vir wie kan ek 'n naaste wórd? Niemand hoef te kwalifiseer nie. Daar is niemand in beginsel uitgesluit, net omdat hulle wie-ook-al is nie! Ons kan, ja, ons mág naastes word vir enigeen vir wie ons dalk sou kan help langs die weë van die lewe. Ons verstaan hierdie wonderbare woorde as ons dit hoor as nuwe lewensmoontlikhede aan ons eie adres gerig, vandág.

Die ordentlike, godsdienstige Fariseërs kla omdat Jesus met sondaars meng, by tollenaars eet, Gods gasvryheid, vergiffenis en aanvaarding deel met diegene wat dit klaarblyklik nie werd is of daarop aanspraak het nie. Dan vertel Jesus vir hulle van Gods koninkryk, deur die verhaal van die twee verlore seuns. Die een vermors alles, maar as hy terugkeer wag die liefdevolle Vader hom reeds in, omhels hom, en rig 'n vreugdefees aan. Die ander een mor daaroor, nes die Fariseërs. Wat gaan aan? wil hy geïrriteerd weet. Sodat die Vader uitgaan en pleit en sê: Kan jy dan nie sien nie? Jou broer was dood en hy lewe! Ons moet tog vrolik en bly wees? Ons weet nie hoe reageer die oudste broer nie, want dis presies die punt! Nie sy reaksie tel nie, maar die Fariseërs s'n, en óns s'n – die hoorders destyds én vandag. Ons verstaan dié woorde as ons vandag nog dié uitnodiging hoor, om saam met die Vader te verlang na broers en susters wie se lewens vermors en gebroke is, en om saam met die Vader ons te verheug as hulle terugkom en weer lewe vind.

Só gee elke gelykenis ons 'n kykie in die vreemde, wonderbare werklikheid van Gods ryk, wat reeds is en kán wees, en nooi ons om in dié wonderwêreld te leef en tuis te wees.

3

Ons hoor Gods Woord, ons verstaan die Bybelse boodskap as ons dié lewensmoontlikhede sien en daarop vertrou, ons **lewenshuise** daarop begin bou.

Ons hoor Gods Woord, ons verstaan die Bybelse boodskap as ons dié lewensmoontlikhede sien en daarop vertrou, ons *lewenshuise* daarop begin bou soos op 'n rots wat nie kan wankel nie, soos wat Jesus dit beskryf, aan die einde van die bergrede.

Ons hoor die Woord van God, ons verstaan die Bybelse boodskap as die *verlange* in ons hart gebore word, die hunkering, die versugting in ons groei, dat hierdie koninkryk sal kom, dat die wêreld al meer so 'n plek sal wees, en ons saam met die dissipels, soos Jesus ons leer, die Ons Vader sal bid, met opregte verlange, 'n gebed om die koms van Gods koninkryk.

4

Ons hoor die Woord van God, ons verstaan die Bybelse boodskap daarom vandag presies soos die kerk van alle eeue: ons **lees**, ons **dink** daaroor na, en ons **reageer** op wat ons gelees en bedink het.

Ons hoor die Woord van God, ons verstaan die Bybelse boodskap daarom vandag presies soos die kerk van alle eeue. Daar vind – het die kerk altyd gesê – as 't ware drie stappe plaas: ons lees, ons dink daaroor na, en ons reageer op wat ons gelees en bedink het. Só verstaan ons die Bybel, vandag nog. Ons ***lees***, ons ***dink***, ons ***doen***.

Nou kan 'n mens in groot besonderhede praat oor elk van dié drie. Die *lees* sluit baie aspekte in: persoonlike lees, dalk gereeld, dalk daagliks êrens rustig en afgesonder; maar ook die luister as ánder lees, in die erediens, gemeente, gesin, familie of vriendekring; dit sluit in dat ons ander stof lees óór die Bybel, van vroeg af vir die kerk van groot geestelike waarde – dagboeke, kommentare, briewe, lewensverhale, liedere, gesange, boeke, noem maar op.

Ook die *nadink* behels talle aspekte: stille, soms eensame, diep persoonlike meditasie, stil-word, peins, wonder, vra, oorweeg; maar ook nadink sáám met ander, gesprekke, kuier, studie, selfs meningsverskille en debat, óók altyd vir die kerk baie belangrik en van groot geestelike waarde, omdat sulke kritiese onderlinge gesprek help om ons beter te laat verstáán.

En ook die *doen* sluit baie in: vanaf práát oor wat ons gelees en gedink het, praat met Gód in gebed, persoonlik of saam met ander – gesin, vriende, gemeente; gebede van lofprysing, danksegging, skuldbelydenis, voorbidding, toewyding, álmal gestaltes van ons reaksie op wat ons hoor; dog naas gebed ook talle maniere van praat met ménse – oor-vertel, deel, getuig, verder gee; en benewens die praat dan ook die dóén, die optree, uitvoer, daadwerklik lééf volgens wat ons lees en dink.

So – deur dié drieslag – lees en verstaan ons die Bybelse boodskap. Trouens, dis wat teologie is, alle teologiese vakke val ook onder dié drie – lees, bedink en doen! En natuurlik weet ons vandag, op grond van die Bybelwetenskappe en hul wonderbare kennis – oor destyds, die tale en kulture, die sosiale omstandighede en die skrywers en hul style – veel meer as wat mense vantevore oor die Bybelse geskrifte geweet het. As historiese, menslike dokumente en taalkundige, literêre produkte weet ons vandag veel meer van hulle. Nes ons op grond van filosofie en letterkunde, ekonomie, sosiologie en geskiedenis, ja, fisika en biologie en noem maar op veel, veel meer weet van die wêreld waarin ons hierdie evangelie hande en voete mag gee. Oor ál drie aspekte van die lees- en verstaansproses weet ons vandag méér en is dit vandag ingrypend ánders as ooit vantevore, deur al die komplekse, wisselende gange van die geskiedenis. Maar al dié feitekennis is nog nie self hoor van die Woord en verstaan van die Bybelse boodskap nie, nee, dié gebeur eers as ons juis met behúlp van al dié kennis stéés, soos altyd, die beloftes van Gods ryk verneem asof aan ons eie adres gerig, vandág.

5

Ons hoor die Woord van God, ons verstaan die Bybelse boodskap ... as ons soos derduisende, honderdduisende, ja, ontelbare mense sien hoe hierdie evangelie ons eie **lewens verander** en kan verander.

Ons hoor die Woord van God, ons verstaan die Bybelse boodskap vandag nog steeds soos deur alle eeue en op alle plekke as ons soos derduisende, honderdduisende, ja, ontelbare mense sien hoe hierdie evangelie ons eie lewens verander en kan verander. Soos Augustinus in 386 onder 'n vyeboom in sy tuin in Milaan in Italië as hy 'n kind hoor sing: Neem, lees, neem, lees. Soos Karl Barth in 1918 onder 'n appelboom in sy tuin in die klein dorpie Safenwil in Switserland as hy met die skielike vreugde van ontdekking sien waaroor dit in die Bybel gaan, asof vir die eerste maal regtig. Hy praat in daardie tyd in 'n buurgemeente oor *"The strange new world of the Bible"* – en na dié ontdekking onder die appelboom begin sy loopbaan wat kerk en samelewing in die 20ste eeu en steeds nog radikaal sou stempel. *"The strange new world in the Bible"* – Jesus! Die koninkryk van God! Ja, die lewende Drie-Enige!

Die liefdevolle God wat "ja" sê vir ons – en só 'n vreemde, nuwe wêreld van lewensmoontlikhede voor ons open; vreemd, ja, ánders as die wêreld wat ons ken; op talle punte radikáál anders, selfs in stryd met die soort samelewings waarin ons leef; maar 'n wêreld, 'n koninkryk, 'n *huis* waarin mense kan leef, tuis kan wees, en hulle kan verheug met ongekende en blywende blydskap, elke dag, ook in ons eeu.

6

In die 16e eeu sou Luther sê ons kort eintlik 'n vierde stap: lees, nadink – en dan **versoeking**, aanvegting, twyfel – voordat ons by die doen kom!

Ons hoor die Woord van God, ons verstaan dié Bybelse boodskap vandag nog steeds net so moeilik soos die kerk van alle eeue, trouens, al sedert Jesus se eie tyd en hoorders. Die skare wat sy prediking hoor, die bergrede en gelykenisse, draai om en gaan weg, sodat Hy die klein dissipelkring vra: Wil julle nie ook maar gaan nie? Ja, die hoorders het hulle tóé al verset tot hulle Hom sou kruisig. En daarná het hulle dit teëgestaan, soms verwerp, soms misverstaan, soms so aangepas by hul eie huise en koninkryke dat hulle dit totaal vervals en verloën het.

In die 16e eeu sou Luther sê ons kort eintlik 'n vierde stap: lees, nadink – en dan *versoeking*, aanvegting, twyfel – voordat ons by die doen kom! Ons is eers eerlik en ernstig met die Bybel as ons op die punt kom waar ons erken: nou raak die beloftes te groot vir ons, te wonderbaar, te vreemd; nou kan ons dit nie meer glo nie; nou sien ons nie meer kans om ons lewenshuis daarop te waag nie; nou deins ons terug voor dié vreemde nuwe wêreld.

Eeue later sou die 19e eeuse skrywer Søren Kierkegaard, diep krities oor die kerklike lewe in sy tyd, in sy dagboek skryf mense moenie langer die Bybel so oral en vryelik versprei nie, maar eerder alle Bybelvertaling stop en Bybelgenootskappe sluit. Dis alles tog net vals, sê hy. Hulle kan eerder alle Bybels versamel, op 'n hoop plaas en aan die brand steek, terwyl hulle bid en sê: Here, ons doen liewer dit, en erken hiermee openlik dat ons tog nie van plan was of is om daarvan en daaruit te lewe, om ooit regtig in dié huis te woon nie.

En nog 'n eeu later sou nog 'n Lutheraan, die Duitse prediker Helmut Thielicke, skryf oor sy diepe bekommernis oor die kerklike lewe van sy tyd. In Nederlands is sy boek se titel *Lijden aan de kerk*. Hy ly vanweë die kerk se gebrek aan geloofwaardigheid. En een diepe rede, sê hy, is die ongeloofwaardigheid van diegene wat veronderstel is om getuies, draers te wees van die evangelie. Predikante, ampsdraers, belydende gelowiges, skryf hy, vertel vir ánder van die Woord en sy boodskap, maar sélf leef hulle dit nie uit nie. Mense sien dit en weet dit, luister na die wonderbare huise wat predikers bou met hul woorde, sê hy, maar sit en wonder of die predikers self in daardie huise woon as hulle afklim van die kansels.

7

Ons hoor die Woord van God, ons verstaan die Bybelse boodskap as **Gods Gees** ons bevry.

Ons hoor die Woord van God, ons verstaan die Bybelse boodskap as Gods Gees ons bevry. As die Gees die weerstande wegneem – die raaisels, die weggaan-en-vergeet, die sluier oor ons harte – sodat ons asof in 'n spieël sien. As die Gees dié menslike woorde uit vergange tye lewend maak in die hede, sodat ons asof Gods eie stem hoor praat. As die Gees ons wysheid gee, fyn onderskeidingsvermoë, sodat ons asof met die bril van die evangelie leer kyk en sien. As die Gees ons lewe so vernuwe dat ons saam met ander gelowiges asof in die lig van 'n lamp leer wandel. As die Gees ons vry maak en laat woon in die vreemde, nuwe wêreld van die Bybel, dié anderse koninkryk, dié wonderbare, onwankelbare huis.

Die skrywer H. W. Auden vra op 'n keer aan iemand: Wanneer het 'n goeie boek jou laas gelees? Goeie boeke het die manier om ons aan te gryp, te ontroer, mee te voer, te verplaas na 'n ánder werklikheid. As dit van goeie boeke geld, soveel te meer nog van die Bybel. Die belangrikste vraag is dalk nie óf en hóé ons die Bybel lees nie, maar of en hoe die Bybel óns lees, vandag? Of ons dit waarlik verwag, en toelaat, ja, verlang?